# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTE TOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 20 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# INSTRUKSIES EN INFORMASIE

1. Indien ’n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

2. Indien ’n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord geïgnoreer. Indien ’n kandidaat al twee die vrae in AFDELING B en C respektiewelik beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een literêre vraag beantwoord is.

3. Indien ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is korrek, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord geïgnoreer.

4. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nommers op die memorandum nagesien.

5. Taalfoute in antwoorde van kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien die spelling die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit as verkeerd aangedui. Indien die spelling nie die betekenis beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.

6. Literêre opstel:
   Indien die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy / sy, hom- / haarself ten opsigte van inhoud gepenaliseer het. Indien die opstel te lank is, word dit op meriete geassesseer en met die senior nasiener bespreek. Die memorandum is slegs ’n riglyn; daarom moet ander relevante feite ook as korrek aanvaar word. Gebruik die aangehegte rubrieke as riglyn vir die nasien van die literêre opstelle.

7. Kontekstuele vrae:
   Indien ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

8. By antwoorde van oop vrae word geen punt(e) toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE / WAAR / ONWAAR / FEIT / MENING. Die geldige rede / motivering bepaal hier die toekenning van die punt al dan nie.

# AFDELING A:

## GEDIGTE VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

**Gestorwe planeet – Eveleen Castelyn**

**Gebruik die rubriek vir nasien van**

**Vraag 1.**

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ʼn breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste / geldige / sinvolle / insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| Kandidate gee eie inleidingsparagraaf. | | |
| • | Die digter gebruik vryevers | want die aarde word sonder enige nadenke of beplanning deur die mens vernietig. |
| • | Personifikasie wat die mens se aandeel in die vernietiging beklemtoon is deurentyd duidelik | want *aerosolkannetjies* wat deur mense gemaak word vir gemak, *pons* gate in die osoonlaag. / want *uitgelate gifgasse* dui op ʼn menslike emosie van kommerloosheid. / want *stofgepoeierde karkasse draf,* skep die beeld van dooie diere se as wat deur die wind rondgewaai word. |
| • | Alliterasie wys op die vernietigende effek wat die mens op die natuur het | want die v-alliterasie in *ver verlate vlaktes* beklemtoon die gevoel van verlatenheid en vernietiging van die natuur. / want die s-alliterasie in *seevlakke styg / voëls soos skulpe uitgespoel op die strande / sing die swanesang* skep eensaamheid. / want die g-alliterasie in *geword van die groen gordels reënwoude* dui op die harde werklikheid van die vernietiging van die natuur. / want die g-alliterasie in *geword van die groen gordels reënwoude* dui op eens-digbegroeide / boomryke woude. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Teenstellings speel ’n groot rol om die element van skok te skep | want die gebruik van die woord *uitgelate* om gifgasse te beskryf, dui op vrolikheid wat ’n positiewe ervaring met dodelike gifgasse vergelyk. / want die uitdrukking *die Here alleen weet* is ’n algemene uitdrukking van wanhoop, maar uiteindelik sal dit tog net God wees wat weet wat met sy skepping gebeur het. / want *ver verlate vlaktes* word in die ou volkslied gebruik as verheffing van die natuur in teenstelling met die betekenis van vernietiging van natuur in die gedig. / want die gebruik van die verkleiningsvorme in *aerosolkannetjies* en *gaatjies* klink onskuldig alhoewel dit groot verwoesting veroorsaak. / want die woord *gemaak* wat dui op skeppingswerk, word saam met *mensehande* wat bloot vernietig, gebruik. |
| • | Die aarde wat verlore is as gevolg van die mens word deur die gebruik van interteks aangedui | want dit skep die vergelyking met die Bybelse paradys wat ook as gevolg van die mens verdwyn het. |
| • | Die ou volkslied word ook as interteks gebruik | want die woorde *ver verlate vlaktes* het ‘n verhewe / romantiese betekenis in die volkslied teenoor die bar / dor / leë betekenis daarvan in die gedig. |
| • | Kontras word gebruik om die Godgeskape paradys teenoor die hedendaagse toestand van die aarde te stel | want God het die reënwoude geskep wat die mens besig is om te vernietig / te laat verdwyn. |
| • | Die digter gebruik ’n vergelyking om die vernietiging van die seelewe aan te dui | want die dooie visse en voëls spoel uit op strande soos skulpe. |
| • | Metafore word gebruik om besoedeling uit te lig | want die golwe se skuim word beskryf as olieswart kuiwe. / want die stofgepoeierde karkasse verwys na erosie / dooie diere wat rondlê / want die osoonlaag is ‘n (osoon)doek wat veronderstel is om te beskerm, maar nou dun is. |
| • | Eufemisme in die eerste versreël dra by tot die ironie van die gedig | want die gebruik van die versagtende verkleiningsvorme in *areosolkannetjies* en *gaatjies* klink onskuldig alhoewel dit groot verwoesting veroorsaak. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Die digter se beeldspraak is hard / onsimpatiek, | want haar gebruik van harde beskrywende woorde soos *gevrekte / gestorwe / verlore / rasende / doomsday* beklemtoon die wreedheid van die vernietiging wat plaasvind. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |

**[10]**

**OF**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

***Niks is waarna dit lyk nie* – Eveleen Castelyn**

| | | **PUNT** |
|---|---|---|
| 2.1 | ’n Reisiger (wat die landskap op intens-visuele wyse ervaar) ✓ | (1) |
| 2.2 | ’n Kwatryn ✓ | (1) |
| 2.3 | Die verwysing van / na ’n teks binne ’n teks. ✓<br>Bach se skaapkoraal. ✓ | (2) |
| 2.4 | Die gedig verander skielik van die idilliese bewondering van ’n oënskynlike pragtige landskap tot die onverwagte ontnugtering dat alles hier nie so mooi / idillies is by nadere / verdere ondersoek nie. ✓ | (1) |
| 2.5 | a-assonansie: die kort a-klank beklemtoon die spoed waarmee die spreker van die adder wegspring / wegtrap.✓<br>g-alliterasie: dit beklemtoon die hardheid van die gras wat vergeel / van die landskap van nader beskou. ✓ | (2) |
| 2.6 | Ontnugtering / onheilspellendheid / teleurstelling / ’n negatiewe stemming. ✓<br>Die digter gebruik negatiewe woorde ✓ soos, minder geil / vrotpoterig / kruppel / verskuil / klitsgras / halfgevrete / karkas / vretende / gesis / verraderlike / adder. ✓ | (3) |

**[10]**

**OF**

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

***Mercedesrit in die aand* – Willem Krog**

| | | **PUNT** |
|---|---|---|
| 3.1 | (Elisabeth Eybers se gedig) ‘Busrit in die aand’ ✓ | (1) |
| 3.2 | ’n tersine ✓ | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.3 | Strofe 2 verduidelik hoe die verflenterde bedelaar blootgestel is aan die wind / weer / armoede en in strofe 3 is die motor en bestuurder goed beskerm teen die elemente / tekens van welvaart / rykdom. / Op konnotatiewe vlak word stukkende mense met heel mense gekontrasteer. ✓<br>Die ster is die kenteken van ’n Mercedes / van ’n voertuig wat welvaart suggereer. ✓ | (2) |
| 3.4 | Inversie ✓Alliterasie ✓<br>Inversie: Die voorplasing van *sit* beklemtoon die passiwiteit van die bestuurders. / Die voorplasing van *sit* laat die leser op die aksie eerder as op die bestuurders fokus. / Die beklemtoning van *sit* suggereer die weersin / disrespek van die spreker teenoor diegene wat ryk word ten koste van ander.<br>✓<br>Alliterasie: Die m-alliterasie beklemtoon die moegheid / afgestomptheid / afwesigheid van die *executives*. ✓ | (4) |
| 3.5 | Die nood / hartseer van armes word dikwels deur rykes / suksesvolle mense misken. ✓<br>Die kandidaat bied ’n EIE boodskap binne konteks van die tema vir EEN punt aan, bv. Ek het opnuut geleer dat ek sosiale deernis aan my medemens / behoeftiges / minderbevoorregtes moet betoon. ✓ | (2) |

**[10]**

**OF**

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**Boggomsbaai-*blues* – Pirow Bekker**

| | | **PUNT** |
|---|---|---|
| 4.1 | <u>B</u>oggomsbaai-*<u>b</u>lues* ✓<br>Die b-alliterasie in Boggomsbaai skep ’n speelse / ligtelike trant. / MAAR *blues* verwys na depressie / neerslagtigheid. ✓<br>[Beide kante vir EEN punt.] | (2) |
| 4.2 | Bog sluit aan by Boggomsbaai in die titel. /<br>’n Gedeelte van die vakansiedorpie se naam word nou as selfstandige naamwoord gebruik. /<br>Die woord word hier ongewoon gebruik (as gedagte van uitkoggeling) en word dus só beklemtoon. /<br>Die woordbetekenis lui die trant van die hele gedig in. ✓ | (1) |
| 4.3 | Koeplet(te) ✓<br>paarrym ✓<br>Dit wys op die noue verband / verhouding tussen die dood en die mens / dat die dood altyd saamloop. ✓ | (3) |

| | | |
|---|---|---|
| 4.4 | Die dubbelpunt dui aan dat 'n verduideliking van hoekom die mens nie bekommerd hoef te wees nie, volg. ✓<br>Die dood het altyd nog plek vir 'n volgende sterfling. / Almal gaan uiteindelik sterf. /<br>Die dood bied spesiale behandeling / is gasvry, in teenstelling met die behandeling wat die mens jou op aarde kon bied. ✓ | (2) |
| 4.5 | Kandidaat se eie antwoord, bv.<br><br>Ja, want ons verbeur goeie tye ✓ as ons heeltyd in vrees vir die dood lewe. ✓<br>OF<br>Nee, want die dood veroorsaak vrees ✓ as 'n mens dink aan ons geliefdes wat kan sterf. ✓ | (2) |

**[10]**

**EN**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG VERPLIGTE GEDIG

### Virtual reality – George Weideman

| | | **PUNT** |
|---|---|---|
| 5.1 | Daar is geen vaste rymskema / strofebou / ritme nie. / Die versreëls wissel in lengte. /<br>Die gebruik van die opnoemtegniek of katalogus-effek / die letterlike opnoem van 'n aantal verwante dinge. ✓<br>[Enige een van bogenoemde.] | (1) |
| 5.2 | Rekenaartaal is meer bekend in Engels. / Die Engelse term trek die leser se aandag. / Die gebruik van Engels maak die afstand tussen die werklike realiteit en die rekenaarwêreld se realiteit groter. ✓ | (1) |
| 5.3 | Kommunikasie vind deesdae deur elektroniese hulpmiddels soos rekenaars plaas. / Die mens kan nou vining / maklik met die hele wêreld kommunikeer. ✓<br>Twitter / Facebook / Blogging / E-pos / Whatsapp / Messenger / Tik Tok / Instagram / Discord / YouTube ✓<br>[Of soortgelyk.] | (2) |

© SACAI KOPIEREG 

| | | |
|---|---|---|
| 5.4 | Tegnologie ontneem die mens van die realiteit / werklikheid. ✓<br>Interpersoonlike kontak verdwyn / word met elektroniese kontak vervang. /<br>Die mens geniet nie meer die natuurskoon nie. /<br>Die mens is vasgevang in ’n werklikheid wat nie bestaan nie. /<br>Die mens staar heeldag na iets wat nie so mooi is soos dit wat om hom is nie. /<br>Die elektroniese kommunikasie / nuwe era kan nie die mens bevredig nie. /<br>Die mens is deesdae gehipnotiseer om die elektroniese maar net te aanvaar. /<br>Die aarde word in die elektroniese era besoedel. ✓✓✓<br>[Enige TWEE.] [Of soortgelyk] | (3) |
| 5.5 | Inversie. ✓<br>Dit beklemtoon dat die mens amper nooit meer in die natuur kom nie / dit geniet nie / dit waarneem nie. ✓ | (2) |
| 5.6 | “gehipnotiseer” | (1) |
| 5.7 | Kandidaat se eie antwoord, bv.<br>Ja, niks kan die werklikheid wat ek om my ervaar, vervang nie. / Niks kan beter wees as dit wat ek elke dag eerstehands om my ervaar nie.<br>OF<br>Nee, ek ervaar die wêreld waarin ek leef baie beter deur die wonderlike wêreld van die rekenaar. / Ek word beslis ‘versadig’ deur die wonderlike dinge wat ek elke dag op die internet sien / leer. ✓<br>[Of soortgelyk.] | (1) |

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING B: ROMAN

## VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL

***Skoenlapper*** **– Irma Venter**

**Gebruik die rubriek vir nasien van Vraag 6.**

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs 'n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste / geldige / sinvolle / insiggewende feite en voorbeelde wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. Leuens en konflik in A en R | | |
| • | Ranna het dik / swart / krullerige hare | want dit is wat Alex se aandag die eerste keer getrek het. |
| • | Sy het blou / amper pers oë | want dit val Alex op die eerste keer wat Ranna reguit vir hom kyk. |
| • | Ranna het 'n tatoe van 'n versreël op haar sy | want Alex sien dit terwyl hulle in die bed lê. |
| • | Ranna het lank in Amerika gewoon | want Alex hoor haar Amerikaanse aksent / dat haar g's en r'e verdof het. |
| • | Hadhi se bynaam vir Ranna is *Miss America* | want Ranna se ouers woon in New York. |
| • | Ranna is lank | want Alex neem waar dat sy hom in die oë kan kyk as hulle langs mekaar staan. |
| • | Ranna leef nie volgens 'n horlosie nie | want Alex is vies omdat Ranna altyd laat is / Alex is nie verbaas dat Ranna weer laat is nie. |
| • | Ranna drink baie alkohol | want Alex sien dat sy 'n halwe bier met 2 slukke klaarmaak. / want Alex merk op dat sy elf biere soos lemoensap drink. / want Maggie is kwaad omdat Ranna so baie gedrink het in die drinkkompetisie teen Alex. |
| • | Ranna is lief vir lees | want Alex is verstom oor die hoeveelheid boeke in haar woonstel. / want die polisie het honderde boeke in haar kinderkamer gevind. |
| • | Ranna is aantreklik | want Tom vra vir Alex of Ranna hom toe ook gevang het. / want Tom vertel Alex dat elke joernalis al oor Ranna uitgevra het. / want Maggie noem dat die mans haar soos skoolseuns kom uitvra oor Ranna. / want Francois sê vir haar sy is mooi. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Ranna is ’n goeie fotograaf | want Alex herken die naam Isabel Baker as ’n bekende naam in fotografiekringe. /<br>want Alex onthou dat Isabel Baker die *World Press Award* gewen het. |
| • | Ranna is slim | want Hamisi vertel dat Charlie dink sy is een van die slimste mense wat hy ken. /<br>want Alex sien dat Ranna een van Stephen Hawking se boeke lees. |
| • | Ranna hou nie regtig daarvan om foto’s te neem van oorlog en moord nie | want Tom vertel vir Alex dat Ranna daarvan hou om (mense se) emosies af te neem. |
| • | Ranna is bang vir vlieg | want Alex merk op dat sy agter by die kotssakkies sit. |
| • | Ranna het ’n moeilike lewe | want Sarah vind alles uit oor Ranna se mishandeling / haar pa se selfmoord / haar vorige liefdes se moorde. /<br>want Alex weet dat Ranna besef wat sy pa aan sy ma doen omdat sy die patroon van geweld ken. /<br>want Tom spog dat hy dit reggekry het om Ranna se lewe hel te maak. |
| • | Ranna word gesien as iemand wat moeilikheid aantrek / veroorsaak | want Tom waarsku Alex teen Ranna / dat Ranna hom gaan opeet en uitspoeg. /<br>want Alex stem saam met Tom na die rusie in die skoenlapperveld. /<br>want Tom verwys na Ranna as gif / nikotien / dwelms. /<br>want Sarah verwys na Ranna as *bad news* / ’n wyfiespinnekop. /<br>want Hamisi sê vir Alex dat daar slegte dinge gebeur as Ranna in die omtrek is. |
| • | Ranna is onpeilbaar | want Alex besef dat ’n vrou soos Ranna ’n geskiedenis sal hê. /<br>want Alex besef dat hy nie al een met spoke is nie. / |

| | | |
|---|---|---|
| | | want Alex erken dat Ranna die eerste mens is wat hy nie kan lees nie. /<br>want Sarah vind uit dat Ranna haar identiteit verander het. /<br>want Alex verstaan nie Ranna se gesigsuitdrukking toe sy na Billy se lyk staar nie. /<br>want Sarah twyfel of Ranna se pa se selfmoord die waarheid is. /<br>want Alex sien dat Ranna te kalm in die polisiekantoor is. /<br>want Charlie noem dat Ranna een van die privaatste mense is wat hy ken. /<br>want Isabel Baker het nooit opgedaag vir die *World Press Award* nie<br>want Alex erken dat Ranna die eerste mens is wat hy nie kan lees nie. /<br>want Sarah vind uit dat Ranna haar identiteit verander het. /<br>want Alex verstaan nie Ranna se gesigsuitdrukking toe sy na Billy se lyk staar nie. /<br>want Sarah twyfel of Ranna se pa se selfmoord die waarheid is. /<br>want Alex sien dat Ranna te kalm in die polisiekantoor is. /<br>want Charlie noem dat Ranna een van die privaatste mense is wat hy ken. /<br>want Isabel Baker het nooit opgedaag vir die *World Press Award* nie . |
| • | Ranna is hardkoppig | want Alex sukkel om uit te vind hoekom haar arm bloei. /<br>want Alex smeek haar om hospitaal toe te gaan / om vir Hamisi die waarheid te vertel. /<br>want Hamisi pleit by haar om met hom te praat. |
| • | Ranna wantrou mense | want Alex het moeite om haar te oortuig dat hy ordentlik is. /<br>want Charlie noem dat Ranna se reputasie sê dat sy niemand vertrou nie. /<br>want niemand weet van haar agtervolger nie. |
| • | Ranna is meeste van die tyd gespanne | want Alex neem waar dat sy optree asof sy heeltyd wag vir iets om te gebeur. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Ranna ly aan slaaploosheid | want Alex sien dat sy nagte op haar bank deurbring. / want Alex hoor hoe sy in die nag die sterre opnoem. / want Hamisi vra haar om te kyk hoe laat dit is toe sy hom drie-uur in die oggend bel. |
| • | Ranna is onafhanklik | want Tom sê vir Alex dat Ranna vir haarself kan sorg. / want Alex weet dat Ranna op kleuterskool al haar vuiste kon bal. / |
| • | Ranna is impulsief | want Ranna gooi haar foon teen die muur stukkend tydens ’n rusie met Alex. / want sy draai in ’n rusie met Alex skielik om en soen vir hom. / want sy gooi die telefoon in Hamisi se oor neer nadat sy hom vloek. / want sy gooi Billy met ’n blompot. / want sy daag Francois uit om haar te slaan. |
| • | Ranna is ontwykend | want Alex beskuldig haar dat sy haar verlowing wil doodpraat / sy vrae oor haar verhouding met Billy vermy. / want Alex besef dat hy nie ’n verdere antwoord oor die gebrek aan foto’s in haar woonstel gaan kry nie. / want Boel de Jongh vra haar of sy regtig nog steeds nie iets het om te sê nie. / want Alex wonder oor Ranna se foto’s van Billy se lyk wat nooit die afgebyte vingers wys nie. / want Alex kry die gevoel dat Ranna Billy se lyk herken selfs nadat sy dit ontken. / want Hamisi vertel Alex dat Ranna net na sy voorkop staar sonder om enige vrae te beantwoord. / want Tom noem aan Alex dat Ranna stilbly as ’n regverdiging gebruik. / want Alex bel Ranna vier keer sonder dat sy optel. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Ranna is geheimsinnig | want Sarah vertel vir Alex dat Ranna nie *kosher* is nie. /<br>want Alex moes by Tom hoor dat Ranna al verloof was. /<br>want Alex moes by Hamisi hoor van haar en Billy se verhouding / van die geld wat Billy aan Ranna gegee het / dat sy eers Isabel Baker was / dat Ranna tevore al ’n moordvedagte was. /<br>want Alex sien op die internet dat Isabel Baker se naam later verdwyn / dat Ranna Abramson se naam slegs van drie jaar tevore verskyn. /<br>want Sarah vind uit van al haar vorige liefdes se moorde. |
| • | Ranna het ’n naïwe / onskuldige kant | want sy dra ’n T-hemp wat sê *Dr Seuss is altyd reg.* |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |

**[25]**

**OF**

# AFDELING B: ROMAN

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

***Skoenlapper* – Irma Venter**

| | | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1 | Die polisieman (wat Billy se dood ondersoek). ✓<br>Hy wil die waarheid by of Ranna of Alex uitvind. / Hy speel vir Ranna en Alex teen mekaar af. ✓<br>Nee, want Hamisi doen net sy werk en het niks met hulle verhouding te doen nie. ✓<br>OF<br>Ja, want Hamisi sal enigiets doen om te keer dat Alex en Ranna mekaar beskerm. ✓ | (3) |
| 7.2 | Billy se lyk is so pas ontdek. / Billy is dood en Hamisi soek antwoorde. ✓ | (1) |
| 7.3 | Dit suggereer dat sy baie ongemaklik is om oor die saak te praat. ✓<br>Sy is bang almal verdink haar van Billy se moord. /<br>Sy vermoed die agtervolger het weer toegeslaan en sy wil niemand vertel nie. /<br>Sy voel ongemaklik om oor haar fisiese verhouding met Alex te praat. ✓<br>Ranna weerhou altyd inligting / praat nie oor haarself nie / hou dinge geheim. ✓ | (3) |

| | | |
|---|---|---|
| 7.4 | Sy verhouding met Ranna. / Sy liefde vir Ranna. / Dat hy vir die polisie gejok het. / Dat hy ook ’n verdagte is. ✓<br>Om meer vrae vir Ranna te vra. / verder te gaan met die ondervraging. ✓<br>Hy is verlief op Ranna en wil haar beskerm / wil alles weet. / Hy is ’n joernalis wat nie kan ophou vrae vra nie. ✓ | (3) |
| 7.5 | Hy wil weet of sy Billy vermoor het. ✓<br>Haar antwoord kan hom soos ’n samesweerder laat voorkom. / Hy het vir die polisie gejok omdat hy wil glo sy is onskuldig. / Hy kan haar verloor. / Hy is bang dat hy op ’n moordenaar verlief is. ✓ | (2) |
| 7.6 | In die kroeg / Hardings na haar geveg met Billy. ✓<br>Kandidaat se eie antwoord, bv.<br>Billy het dit veroorsaak, want sy jaloesie het hom handgemeen laat raak / want hy het haar met ’n mes gesteek as gevolg van jaloesie. ✓<br>OF<br>Ranna het dit veroorsaak, want sy het die verhouding met Billy nie ernstig opgeneem nie / sy het Billy met ’n blompot gegooi. ✓<br>[Sowel die naam as rede vir EEN punt.] | (1)<br><br>(1) |
| 7.7 | ’n Brand, jare gelede in ’n kinderhuis, waarvan sy foto’s geneem het. / ’n brand en brandweermanne wat sy afgeneem het. ✓<br>Tom is nou by haar en wil haar vermoor oor haar foto’s van sy pa. ✓ | (2) |
| 7.8 | Dit wys op haar skielike besef / verbasing oor Tom se verbintenis met die brandweerman in haar foto. ✓ | (1) |
| 7.9 | Onwaar.<br>Hy verander van ‘n joernalis na ’n moordenaar / hy verander deur nie net meer die mans in Ranna se lewe dood te maak nie, maar om haar te probeer vermoor. ✓ | (1) |
| 7.10 | Die foto het gewys dat Tom se pa net voor die venster staan en na die brand staar ✓ en dus NIE besig was om die kinders te red soos die ander brandweermanne nie. ✓ | (2) |
| 7.11 | Tom het **al 3 mense** op verskillende plekke vermoor. ✓<br>Hy het die vingers van die slagoffers verwyder. ✓<br>Dit is gepas, omdat Tom se pa sewe vingers in die berugte brand verloor het. ✓ | (3) |
| 7.12 | Kandidaat se eie antwoord, bv.<br>Alex verdien ’n tweede kans, omdat hy die hele tyd net die regte ding wil doen ✓om Ranna te beskerm. ✓<br>Ranna verdien ’n tweede kans, omdat sy swaargekry het tydens haar kinderjare ✓en sy liefde verdien. ✓<br>Tom verdien ’n tweede kans, omdat sy lewe reeds verwoes is voor hy van Ranna geweet het ✓, en hy sonder ’n pa moes grootword. ✓ | (2) |

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: [25]**

## AFDELING C: DRAMA

### VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL

***Mis* – Reza de Wet**

**Gebruik die rubriek vir nasien van Vraag 6.**

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs 'n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste / geldige / sinvolle / insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| • | Die titel *Mis* kan 'n aanduiding wees dat iemand vermis is | want die rede vir Miem en Gertie se vrees spruit uit die storie van die meisies wat op dieselfde datum die afgelope twee jaar weggeraak het / vermis is. |
| • | Die titel *Mis* kan ook 'n aanduiding wees dat iemand vermis gaan word | want die spanning in die huis oor Meisie se veiligheid is van die begin af duidelik wat die idee van haar uiteindelike verdwyning suggereer. |
| • | Die woord *mis* dui ook op verlange | want die vroue verlang elkeen na iemand of iets soos gesien in Miem wat na haar man se teenwoordigheid verlang. / Gertie wat die aandag van 'n man mis. / Meisie wat verlang na 'n jongmenslewe. |
| • | *Mis* kan ook dui op *mistigheid* wat veroorsaak dat mens nie mooi kan sien nie | want Miem verwys gedurig na swak sig (bv. die naald en gare) wat haar kortsigtigheid ten opsigte van Konstabel beklemtoon. / want Konstabel se blindheid veroorsaak dat hy betroubaar vir die vroue voorkom / want Konstabel noem op 'n stadium dat die vroue feite blindelings miskyk. / want Miem staar haar blind teen Meisie se ongeluk soos iemand wat deur mistigheid na iets kyk. |
| • | Die titel *Mis* speel ook op die uitdrukking om *iets mis te hê* / verkeerd te verstaan / mistasting | want Miem en Gertie het dit mis ten opsigte van hulle vertroue in Konstabel. / want die vroue het dit mis dat Konstabel daar is om hulle te beskerm. / want Konstabel word vrylik, sonder twyfel, by die huis ingelaat omdat hy homself as 'n polisieman voorstel. / want Miem en Gertie het dit mis as hulle dink hulle kan die *boosheid* besweer deur die huis toe te grendel / want die vroue het dit mis dat hulle vir Meisie waarlik veillig kan hou. |

| | | |
|---|---|---|
| • | *Mis* dui ook op die vermoë om ooglopende dinge mis te kyk | want Konstabel is ooglopend geheimsinning oor waar hy vandaan kom wat dit onverstaanbaar maak dat dit geen ongemak by die vroue veroorsaak nie. / want Miem besef nie dat sy dieselfde foute met Meisie as die ouers van die vorige vermiste jongvroue maak nie. |
| • | *Mis* sluit by die godsdienstige begrip van die Roomse Mis aan | want die vroue bieg teenoor Konstabel deur hul diepste gevoelens bloot te lê. / want Meisie kniel voor Konstabel asof hy ’n priester is wat iemand wil seën wanneer hy Meisie se gesig wil sien. / want die meisies dra aannemingsrokke wanneer hulle verdwyn. |
| • | *Mis* as bemesting is die opvallendste betekenis | want die mis wat Miem en Meisie aan boere verkoop veroorsaak deurentyd ongemak in Meisie se lewe. |
| • | Miem en Meisie verkoop die mis as ’n bron van inkomste | want Gabriël kan nie finansieel vir die gesin sorg nie. |
| • | Miem en Meisie se lewe word deur mis gereël | want hulle moet beskikbaar wees wanneer die besendings mis opgelaai word / want die mis moet daagliks bewerk word. |
| • | Die vroue voer ’n onaangename, mislike bestaan | want die misreuk veroorsaak dat hul nie besoekers ontvang nie. |
| • | Hul bestaan is nie higiënies nie | want die omgewing is vol vlieë en brommers as gevolg van die mis. |
| • | Die mis waarmee Meisie daagliks moet werk, beteken dat haar jongmeisielewe verbygaan / is ook vir haar ’n teken dat sy die geleenthede wat ander meisies het, mis | want sy kry nie geleentheid om haarself te versorg nie. / mis die geleenthede wat ander jong meisies het. |
| • | Die woord *mis* dui ook op menslike ontlasting | want Gabriël se slopemmer moet afgekatrol en buite uitgegooi word. |
| • | Die slopemmer speel ’n rol in Meisie se besluit om saam met Konstabel te gaan | want hulle kan gesels toe sy die slopemmer moet uitneem. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |

**[25]**

**OF**

# AFDELING C: DRAMA

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

***Mis*** **– Reza de Wet**

| | | | PUNT |
|---|---|---|---|
| 9.1 | Die gevaar / moordenaar / verkragter wat buite die huis skuil / jong meisies ontvoer/ jong meisies op 31 Augustus 1936 bedreig. ✓ | | (1) |
| 9.2 | Hoewel hy blind is, het hy geruik die hond het 'n stomp stert. / ✓<br>'n Blinde konstabel beskerm weerlose vroue. / ✓<br>Hy vertel dat die son sy oë uitgeskroei het. / ✓<br>Hy ruik hoe oud die vrouens is. / ✓<br>Teen middernag kan hy skielik sien. / ✓<br>Hy verander van 'n konstabel na 'n hofnar toe dit middernag is. ✓<br>Hy kan die ontvoerder wees. ✓<br>[Enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk.] | | (2) |
| 9.3 | 9.3.1 | sak ✓<br>Hulle verpak die mis wat boere kom aflaai in sakke om te verkoop. ✓ | (2) |
| | 9.3.2 | Enige verduideliking wat die volgende aspekte oordra:<br>Om mis te tas / te vermis / om mis te kyk / om te misverstaan / 'n mislike bestaan te voer / om iets mis te hê.<br>[Of soortgelyk.] | (1) |
| 9.4 | Miem verbied Meisie om deur die venster na die sirkusliggies te staar. ✓<br>Haar stemtoon wys op hoe sy Meisie intimideer / domineer / hiet en gebied wat 'n situasie skep waaruit Meisie wil ontsnap / waaruit Meisie uiteindelik saam met Konstabel verdwyn. ✓<br>Meisie was besig om vir Konstabel koffie te maak toe Miem haar beveel om die sakke uit te dra. / Miem verbied Meisie om die sirkus te besoek. / Miem gee opdrag dat Meisie vinniger moet werk / 'n vingerhoed moet dra / die slopemmer moet skoonmaak. ✓<br>[Of soortgelyk.] | | (3) |
| 9.5 | Hy wil die vroue bang maak / manipuleer. /<br>Hy probeer verseker dat hulle hom in die huis vertrou / toelaat / in hom 'n beskermer sien. ✓<br>Ja. [Nee is foutief.]<br>Hulle vertrou hom sodanig dat hulle hulle diepste behoeftes aan hom openbaar / dat Miem vir Meisie toelaat om alleen saam met hom buitentoe te gaan. / dat die ouer vroue gaan slaap en laat Meisie in Kostabel se sorg. / Meisie kry die geleentheid om ongesiens saam met Konstabel die huis te verlaat. ✓ | | (2) |
| 9.6 | Onheil ✓/ Verwagting ✓ / Suspisie ✓ / Spanning ✓<br>Konstabel sê dat hulle nie moet vrees nie, maar hulle moet juis bang wees omdat hy hulle planne om hulleself te beskerm gaan omver gooi. ✓ | | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 9.7 | Kandidaat se eie antwoord, bv.<br>Ja, want sy dra Meisie se veiligheid op haar skouers ✓/ want sy dra hulle finansiële welstand op haar skouers ✓ / want sy is alleen met 'n man wat in die solder wegkruip. ✓<br>[Enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk.]<br>**OF**<br>Nee, want sy is 'n ongeskikte boelie wat altyd haar sin kry. ✓ / want sy nooi Konstabel in sonder om verder te dink en sit daarmee Meisie se lewe in gevaar. ✓ / want sy vernietig enige drome wat Meisie het deur so onversetlik te wees. ✓<br>[Enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk .] | (2) |
| 9.8 | Miem het hom weggejaag omdat hy Gabriël verdag gemaak het / agterdogtig oor Gabriël was / gesuggereer het dat Gabriël dalk die moordenaar is. ✓ | (1) |
| 9.9 | Hy wil nie sonder Meisie weggaan nie. / Hy wil nie weggaan voor sy plan uitgevoer is nie. ✓<br>Hy probeer uitvind of daar nog iemand in die huis is / nog plek is om in te kom / nog maniere is om in te kom. ✓<br>Hy is geslepe / listig / manipulerend / vals / skelm. ✓ | (3) |
| 9.10 | Miem noem dat sy te haastig was om hom uit te jaag, maar sy was juis te haastig om hom aan die begin in te laat sonder om seker te maak dat dit veilig is. ✓ | (1) |
| 9.11 | *Ek is bietjie kort van draad. Dit kom van my ma se kant*. ✓<br>Selfsug / selfbeheptheid / geen selfkennis / egoïsties. ✓ | (2) |
| 9.12 | Die verdwynings verwys na die ontvoerde meisies die vorige twee jaar. ✓<br>Dit sinspeel daarop dat hy eintlik daar is om die ontvoering uit te voer / dat hy 'n spesialis in die uitvoering van ontvoerings is. ✓ | (2) |
| 9.13 | Kandidaat se eie antwoord. Die antwoord kan 'n positiewe of 'n negatiewe emosie bespreek, bv.<br>Ek voel jammer vir Miem, ✓ want sy kry swaar en moet alles self hanteer. ✓ /<br>Gabriël irriteer my, ✓ want hy sit in die solder en laat die vroue alles vir hom doen. ✓ /<br>Ek geniet Konstabel ,✓ want hy sit vir Gertie en Miem ore aan. ✓<br>Ek skaam my vir Gertie ,✓ want sy het skaamteloos / seksueel voor Konstabel opgetree. ✓<br>Ek voel magteloos omdat Meisie ✓ nie haar eie besluite mag neem nie. ✓<br>[Die karakter en emosie vir EEN punt en die rede vir EEN punt] | (2) |

**[25]**

## TOTAAL AFDELING C: [25]

## GROOT TOTAAL: [80]

# AFDELING A: GEDIG: OPSTEL (10 PUNTE)

| Inhoud | Uitstekend | Goed | Bo-gemiddeld | Gemiddeld | Ondergemiddeld | Swak | Beroerd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 | 2 | 0 − 1 |
| Interpretasie van onderwerp. Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks. | Uitstekende begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite en motiverings is uitsonderlik. | Goeie begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite word goed deur motiverings ondersteun. | Redelike begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite met redelike motiverings gegee. | Gemiddelde bewys van inhoud en strekking van gedig. Enkele feite word met motiverings ondersteun. | Onbevredigende bewys van inhoud en strekking van gedig. Feite word met enkele motiverings ondersteun. | Matige bewys van inhoud en strekking van gedig. Slegs enkele feite maar geen motiverings nie. | Geen bewys van inhoud en strekking van gedig nie. Feite en motiverings verwys nie na gedig nie. |

| Struktuur en Taal | Uitstekend/Bo-gemiddeld | Goed | Ondergemiddeld/Swak |
|---|---|---|---|
| | 3 | 2 | 0 − 1 |
| Logiese vloei en aanbieding. Toon- en stylgebruik in opstel. | Uitstekende en samehangende struktuur. Argumente is goed gestruktureer. Taalgebruik, toon en styl is uitstekend. Inleiding en slot vorm ’n afgeronde geheel met die inhoud. | Basiese struktuur en vloei/samehang in opstel. Enkele bewyse van struktuur en geringe taalfoute, toon en styl redelik teenwoordig. Redelike inleiding en slot. | Struktuur toon swak beplanning. Argumente word nie logies gestruktureer nie. Ernstige taalfoute, toon en styl glad nie gepas nie. Geen inleiding en slot nie. |

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING B EN C: ROMAN EN DRAMA: LITERÊRE OPSTEL (25 PUNTE)

| Inhoud | Uitstekend | Goed | Bo-gemiddeld | Gemiddeld | Ondergemiddeld | Swak | Beroerd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 14 − 15 | 12 − 13 | 10 − 11 | 8 − 9 | 6 − 7 | 4 − 5 | 0 − |
| Interpretasie van onderwerp. Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks. | Uitstekende begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings uitsonderlik. | Diepgaande begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings goed ondersteun. | Toon goeie begrip van inhoud en strekking van genre. Feite gegee, maar nie almal met motiverings nie. | Redelik begrip van inhoud en strekking van genre. Enkele feite word gemotiveer. | Basiese begrip van inhoud en strekking van genre. Weinig feite met motiverings word gegee. | Onbevredigende begrip van inhoud en strekking van genre. Slegs enkele feite word gegee sonder motiverings. | Geen begrip van inhoud en strekking van genre nie. ’n Vae aanpak van genre, geen feite met motiverings wat spesifieke genre staaf nie. |
| **Struktuur en Taal** | **Uitstekend** | **Bo-gemiddeld/Goed** | | **Gemiddeld** | **Ondergemiddeld** | | **Swak** |
| | 9 − 10 | 7 − 8 | | 5 − 6 | 3 − 4 | | 0 − |
| Logiese vloei en aanbieding. Toon- en stylgebruik in opstel. | Samehangende struktuur. Uitstekende inleiding en slot gegee. Taalgebruik, toon en styl pas by genre. | Duidelike struktuur. Inleiding, slot en paragrawe samehangend. Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. | | Goeie bewyse van struktuur met inleiding maar geen slot/geen inleiding slegs slot. Enkele taalfoute, toon en styl gepas. | Basiese toon van struktuur. Gebrekkige inleiding en slot is gegee. Taalfoute is beduidend en paragrafering is foutief. | | Geen toon van bewyse van struktuur nie. Geen logiese vloei van argumente nie, nie gepas by genre nie. Taalfoute, toon en stylfoute belemmer vloei van argumente. |

© SACAI KOPIEREG